SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

NASIONALE KANTOOR
NATIONAL OFFICE

t: 012 436 0900 / e: saou@saou.co.za / w: www.saou.co.za

Nasionale Nuusbrief / National Newsletter 11/2018

09/04/2018

Salarisaanpassings 2018

Jongste stand van sake

Salarisonderhandelinge in die Staatsdiens Koördinerende Bedingingsraad ("PSCBC") het op Maandag 9 April 2018 hervat. Die verwagting is dat dit vir die res van die week sal voortduur.

Die SAOU moet ongelukkig rapporteer dat omdat die onderhandelinge gefasiliteer word deur professionele fasiliteerders, is daar nie op hierdie tydstip 'n formele aanbod van die Staat as werkgewer om te oorweeg en formeel aan lede vir oorweging en mandatering voor te lê nie.

Vir die onderwys is die volgende drie sake onder intense oorweging, nl:

1 Algemene salarisaanpassing: die aanduiding is dat dit 'n minimum van die geprojekteerde VPI vir 2018 sal beloop. Die aanduidings is dat dit ongeveer 4.5 – 5.5% kan beloop.
2 Dat die verskil van een salariskerf na 'n volgende vanaf die huidige 1% tot 1.5% kan verhoog.
3 Die moontlike afskaffing van diskriminasie op grond van huwelikstatus tov die betaling van behuisingsubsidie, dws dat indien beide persone van die egpaar in diens van die Staat is, hulle voortaan albei sal kwalifiseer. Die huidige subsidie beloop tans R1,276 per maand.

Daar is tans verskeie weergawes van fopnuus in die omloop. SAOU-lede word versoek om nie enige ander nuus as dit wat via amptelike SAOU nuusbrief gekommunikeer word, te aanvaar nie.

Daar sal gelet word dat die items soos hierbo vermeld gekwalifiseer word. Die rede is omdat die posisies deurlopend verander soos die onderhandelinge gevoer word. Wat egter belangrik is om in ag te neem is dat die mandate van die SAOU se onderhandelaars steeds dieselfde is en dat 'n finale mandaat van lede gevra sal word sodra daar 'n meer tasbare aanbod op die tafel is.

Salary adjustments 2018

Latest state of affairs

Salary negotiations in the PSCBC resumed on Monday, 9 April 2018. The expectation is that it will continue for the rest of the week.

The SAOU must unfortunately report that as a result of the facilitation of negotiations by professional facilitators, there is no formal offer from the State as employer that can be submitted to members for consideration and mandating.

For education the following three items are under intense consideration:

1 General salary adjustment: the indication is that it may be the minimum of the projected CPI for 2018, i.e. approximately 4.5 – 5.5%.
2 That the difference from one salary notch to the other may increase from the current 1% to 1.5%.
3 The possible abolishment of discrimination based on marital status, i.e. that if both members of the married couple are employed by the State, both will qualify for housing subsidy. The current subsidy is R1,276 per month.

There are currently several renditions of fake news doing the rounds. SAOU members are requested not to take note of any news unless disseminated by the SAOU in a formal newsletter.

It will be noted that the items here above are qualified. The reason is based on the fact that positions continuously change as negotiations unfold. It is important to bear in mind that the mandates of the SAOU have not been amended and that a final request for a mandate will be submitted to members for consideration and mandating as soon as a tangible offer is on the table.